Christus se kerk reageer nie net op ʼn pandemie met die vraag “waarom gebeur dit?” nie, maar met die vraag “wat gaan ons doen?”.

Vooraf samesang
Ps. 146-1: 1, 5, 8
Ps. 147-1: 1, 2

Skrifoordenking
Sing: Lied 169: 1, 2, 3
Gebed om seën;
Sing: Ps. 145-2: 2, 3, 4, 5
Geloofsbelydenis:12 Artikels

Verootmoediging:
Wet uit Deut. 27: 9 – 26;
Lees ook Galasiërs 3: 9 – 14
Sing: Sb 1- 2: 2
Gebed

Skriflesing: Handelinge 11: 19 - 30;
Teksverse: 27 - 30;
Woordbediening;

Gebed
Liefdegawes
Sing: Sb 11- 4: 1, 2, 3;
Gebed om seën.

Afkondigings

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Ek is seker ons almal is al bietjie versadig aan die hele gesprek rondom die pandemie en alles wat daarmee gepaard gaan. Daar word in kerklike kringe wêreldwyd ook vreeslik baie gepraat oor die pandemie en baie probeer om vanuit die Skrif verskillende perspektiewe te gee op die gebeure – soos ons ook al van hierdie kansel af gedoen het.

Maar geliefdes, wanneer ŉ mens in die geskiedenis van die mensdom gaan kyk na die kerk se rol in tye van wêreldkrisisse en katastrofes, dan val iets anders jou op! Jy sien ŉ kerk in aksie! Jy sien en lees van christene wat op die voorpunt getree het om daadwerklik iets te doen aan die noodsituasie. Gelowiges wat dadelik toetree om te help met die versorging van siekes en behoeftiges.

Terwyl ander gevlug het was dit gelowiges wat in die midde van gevaar en ten spyte van persoonlike blootstelling aan siekte of dood, eenvoudig net diensbaar was en wat op die voorpunt gestaan het om die gemeenskap te help. Hospitale en plekke van versorging is opgerig en so het die kerk die liefde van Jesus prakties bedien en geleef.

Brs en srs, dis nie net die kerk wat vrae vra oor gebeure soos die Corona-pandemie nie – die wêreld vra ook vrae! Die wêreld wil ook weet: waar is God nou? En terwyl Skrifperspektiewe vir gelowiges sin maak en troos bring, is dit nie die antwoord wat die wêreld verstaan nie! Daarom het die kerk in die verlede en behoort die kerk van Christus ook vandag met dade te antwoord!

Hier is God! Hier waar die gelowiges vorentoe tree en help en die liefde van God bedien! God is nie net ŉ idee êrens in die ruimte oor Wie mens kan spekuleer nie! Nee, kyk, hier is Hy, hier waar ŉ gelowige met sy liefde voor jou staan en jou help in jou nood! Dis die taal wat die wêreld sal verstaan en sal aanspreek! Nie teologiese debatte oor wat en waarom nie, maar harte vol liefde en hande vol hulp!

En dit is wat die Here ons vanmore leer met die optrede van die eerste selfstandige – uit die heidendom gebore - gemeente van Christus in Antiochië!
Die Here leer ons:
Christus se kerk reageer nie net op ŉ pandemie met die vraag “waarom gebeur dit?” nie, maar met die vraag “wat gaan ons doen?”.

Toe ŉ katastrofe die destydse wêreld tref in die vorm van ŉ hongersnood, was hierdie gemeente gereed om iets te doen! Daar is mense in nood, daar is mense wat honger kry en nie kos en lewensmiddele het nie en daarom is hulle eerste vraag: Wat gaan ons doen? En dadelik gaan hulle tot aksie! Hulle begin om fondse in te samel en hulle tref reëlings om hierdie hulp te kry by waar die nood die grootste gaan wees!

Hulle dink nie eerste aan hulleself en hulle eie behoeftes nie – maar is dadelik diensbaar aan ander wat in nood is!

Die eerste vraag wat ons moet beantwoord, is: wat het hulle gemotiveer? Hoe het hierdie jong gemeente wat nou uit Jode en nie-Jode bestaan het, so eendragtig opgetree om die Jode in Jerusalem te help?

En die antwoord is: hulle was uit die hemel deur die Drie-enige God gedrewe!

ʼn Gemeente gefokus op Christus en gefokus deur Christus! ʼn Mens sien dit baie duidelik! Ons lees in vers 20 hoe hierdie gemeente tot stand gekom het deur gelowiges wat so gehoorsaam onder die koningskap van Jesus geleef het, dat hulle nie anders kon as om orals waar hulle gekom het, vir ander mense te vertel dat Jesus die Here, die Koning en die Verlosser van die wêreld is nie!

Brs en srs, dis mos hoe dit hoort! Wanneer die Here Jesus mense deur sy verlossingwerk verlos van Satan en van die dood en deel maak van sy koninkryk, dan soek daardie mense mos altyd eerste die uitbreiding van die koninkryk van God! Dis mos wat Jesus ons geleer het: Soek eers die koninkryk van God! Leef gehoorsaam onder die heerskappy van Jesus en dra sy belange en Hy sal vir jou sorg!

Gelowiges wat so leef dink nie eerste aan hulleself nie en hulle eie belange nie – hulle dink Christus en wat Hy in ʼn gegewe situasie sou gedoen het! Hoe Hy nie aan Homself gedink het nie, maar bereid was om sy lewe vir ons aan die kruis af te lê, sodat ons deel kan kry aan die koninkryk van God! Deel kan kry aan die wonderlike genade van die nuwe en ewige lewe en in die versorgende hande van God kan lewe!

Daarom lees ons ook in vers 21 dat die Here Jesus hierdie koninkryksburgers se werk geseën het en dat Hy hulle gehelp het deurdat Jesus baie mense tot geloof gebring het! Dis is mos wat Hy deur die Heilige Gees doen! Hy skenk geloof in reaksie op die Woord – op dit wat ons vir ander van Jesus vertel!

Toe Barnabas van Jerusalem af kom om die jong gemeente in Antiochië te kom help het hy verstom gestaan! Hoekom? Want die genadewerkinge van God was tasbaar teenwoordig in die lewe van die lidmate! Kyk in vers 23: God se genade was aan die werk, dit wat duidelik sigbaar dat God die gelowiges help en hulle seën in hulle werk!

Brs en srs, dis die wonderlike genade van God in ons lewe as gelowiges: Dit is mos hoe Christus in Matteus 5 gesê het hoe dit in sy koninkryk sal werk: as ons doen wat Jesus ons beveel sal God ons seën: Ons lees mos daar:
[7]Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. [8]Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien. [9]Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Waar gelowiges in ʼn gemeente lewe volgens die beginsels van Jesus se koninkryk, daar ervaar daardie gelowiges die troosvolle en wonderlike seën van God se genade! En dit is wat die Here ons leer en wat Hy ook gedemonstreer het in die gemeente van Antiochië

Is ek en jy dan waarlik koninkryksburgers wat gehoorsaam onder die heerskappy van Jesus volgens sy koninkryksbeginsels leef? Of is ons lidmate van Christus se gemeente maar eintlik leef ons net gerig op onsself en ons eie belange! Dit sal baie duidelik blyk uit die manier waarop ons almal en ons gemeente nou optree in ’n tyd van krisis!

Brs en srs, hierdie lidmate van Antiochië het hulle deur die Gees van God laat lei en het hulle gawes aangewend om die gemeente op te bou. Ons lees in vers 22 van Barnabas wat vol van die Heilige Gees was en van Paulus – wat ons weet absoluut deur die Gees gedrewe was om die Here te dien! Ons lees van profete wat onder leiding van die Gees gewerk het en die gemeente gelei het! ’n Gemeente wat haarself onderwerp aan die Gees en luister as die Gees praat!

Brs en srs, kan julle sien hoe hierdie gemeente uit die hemel deur die Drie-enige God gedryf en toegerus was! En nou weet ons mos: die Here werk vandag nog net so met elkeen van ons en ons gemeente! Ons leef mos ook onder die heerskappy van die Here Jesus! Ons wil ook aan Hom gehoorsaam wees en volgens die beginsels van sy koninkryk leef? Ons ervaar mos ook die wonderlike seën van God se genade wat so duidelik werksaam is in ons gemeente! Ons hoor ook die stem van die Gees deur die Woordverkondiging wat veral nou in die Grendeltyd op sovele maniere na ons toe kom?

En daarom, brs en srs en kinders, moet ons ook kom tot die vrug van hierdie God-gedrewe gemeente – net soos die gemeente in Antiochië - naamlik om in die wêreld besig te wees! Om die nood van die wêreld aan te spreek midde die katastrofe wat die wêreld en ook ons land getref het!

Ons moet dus vanmore vir mekaar vra: wat kan ons doen? Wat kan ons doen aan die nood van die samelewing hier rondom ons? Ons wat so onder die heerlike heerskappy van Jesus leef en die wonderlike seën van God en die leiding van die Gees ervaar:
Hoe kan ons hierdie drie-enige God leef vir die wêreld dat hulle Hom kan sien en Hom kan prys?

Brs en srs, hoe dink julle? Wat kan ons doen? Daar is sovele geleenthede: ons almal ken mense wat swaar kry – om watter rede ook al! Daar is mense wat nou geestelik worstel met die Here en swaar kry in hulle geloof – julle weet van hulle! Daar is mense wat emosioneel swaarkry – dalk vanweë beproewinge van dood of siekte! Of mense wat slagoffers van misdaad is en steier om dit te verwerk! Ons almal ken sulke mense!

Daar is hordes mense wat finansieel swaarkry, mense wat byna niks het om van te leef nie! Ons diakonie kry toenemend versoeke om hulp van binne en buite die gemeente! Ons almal ken sulke mense?
Lees maar weer Spreuke 21:13 [13]As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van ’n arm mens, sal jý ook nie antwoord kry as jý roep nie.”
Salig is die wat honger en dors om reg te doen – om die onreg in die gemeenskap aan te spreek! Salig is hulle wat sagmoedig is – wat die haat en nyd van hierdie wêreld teenspreek

en met dade van liefde antwoord! Salig is hulle wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word!

Onthou u nog ons Here Jesus se gelykenis van die skape en die bokke in Matteus 25
34“Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseën is!
Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in
besit, 35want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het
My iets gegee om te drink; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My gehuisves; 36Ek was sonder
klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het
My besoek.’ 37Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: ‘Here, wanneer het ons
U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? 38En wanneer het ons U
’n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? 39Wanneer het
ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?’ 40En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit
verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My
gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’

Brs en srs, Christus se kerk reageer nie net op ’n pandemie met die vraag “waarom gebeur dit?” nie, maar met die vraag “wat gaan ons doen?”.

Wat gaan ek en jy doen?

Amen